

Sing vooraf staande: Skrifberyming 14-1:1, 2 (nuut)

- 1 Waak, Christen, staan in die geloof / dat niemand jou die kroon ontroof!
Wees wys en dapper, sterk en moedig, / – steeds toegewy aan God se werk,
standvastig, onbeweeglik, sterk, / vol ywer, altyd meer oorvloedig –
dan sal jou arbeid in die Heer / tot seën wees, sy Naam ter eer!
- 2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk
om kwaad en sonde te weerstrewe. / Verrig jou taak met vaste hand,
en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe.
En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde!

Amen.

Loflied: Psalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:1, 3 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smee.

Gebed

Psalm 23:1, 2 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsvare, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

Skriflesing: Lukas 17:1-10

Kernverse: Lukas 17:5-6

Toe het die apostels aan die Here gesê: Gee ons meer geloof. En die Here sê: As julle geloof gehad het soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant – en hy sou julle gehoorsaam wees. (Lukas 17:5-6 AFR1953)

Tema: Ons het geloof, laat ons dit gebruik

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, daar het in ons almal se lewens al tye gekom wanneer dit vir ons gevoel het asof ons geloof te min, te swak en te klein is. So 'n gevoel oorval 'n mens veral wanneer daar 'n groot taak op jou skouers rus of wanneer 'n mens in 'n krisis verkeer. Wanneer ons hoor en bewus word van die intiem, persoonlike verhouding wat die Here met ons het, en daarby ook hoor dat Hy ver wag dat ons met Hom net so 'n intiem, persoonlike verhouding moet hê, kan so 'n gevoel 'n mens oorval. Dit gebeur veral wanneer ons besef wat dit vir ons elkeen afsonderlik behels en vir ons as kerk om in 'n intiem, persoonlike verhouding met die Here te leef. Ons gedrag en woorde, ons ganse lewe moet in ooreenstemming kom met wat die Here wil. Ons is immers kinders van God en Hy is ons Vader, daarom moet ons noodwendig God se karaktertrekke vertoon.

Om in ons woorde en gedrag in ooreenstemming met die Here te wees beteken dat ons verander moet word. Ons kan nie maar op ons gewone, natuurlike manier aangaan met ons lewe nie. Vir baie van ons is verandering 'n krisistyd. Dit is in sulke tye – in so 'n groot beproewing – dat 'n mens saam met die dissipels biddend vra: Here, gee ons meer geloof!

Nou is dit belangrik om daarop te let dat die dissipels hierdie vraag gestel het nadat die Here Jesus twee groot eise aan hulle gestel het. Ons lees daarvan in die eerste vier verse.

Die eerste eis wat die Here stel: Jy moet so lewe dat jy niemand deur woord of daad van My afvallig laat word nie. Jesus kyk nugter na die wêreld waarin sy dissipels en waarin ons ook lewe. Daarom sê Hy dit is onvermydelik dat daar dinge kom wat mense laat struikel. Die sonde het nou eenmaal 'n vastrapplek in hierdie wêreld gekry en die stewigste vastrapplek van die sonde is in die natuurlike geaardheid van elke mens.

Ons natuurlike geaardheid is om altyd uit te breek. Van nature wil ons nie aan reëls en wette gebind wees, want dan dink ons ons is nie vry nie. En die Satan laat ook nie gras onder sy voete groei nie. Hy sluit graag aan by ons natuurlike geaardheid om ons aan te lok en aan te moedig om uit te breek. Hy wil hê dat ons in ons verhouding met die Here moet struikel. En kyk ons na die wêreld rondom ons, sien ons almal – oud en jonk – al die dinge wat op ons afstorm om ons te laat struikel. Dit is al daardie blink en mooi dinge wat aan ons voorgehou word. En wanneer ons met die bril van ons sondige geaardheid na hierdie dinge kyk, lyk hulle natuurlik baie meer aantreklik as om nougeset die Here in alles te dien. Dit is mos makliker en lekkerder om eerder terug te skel en te vloek as om die ander wang te draai of 'n sagte antwoord te gee. Dit is mos lekkerder om in te wees by jou maats en deel te neem aan hulle prettighede as om gehoorsaam aan jou ouers by die huis te wees en te werk aan jou verhouding met jou ouers. So kan ons nog 'n hele rits dinge opnoem wat vir ons bevestig dat die struikelblokke onvermydelik is.

Maar nou praat Jesus hier nie met die Satan of met die ongelowiges wat dinge doen wat ons kan laat struikel nie. Hy praat met gelowiges, met sy dissipels en met ons. Daarom die waarskuwing: daar wag ellende vir die mens wat die oorsaak daarvan is. En dan vervolg Jesus om te sê die straf vir iemand wat een van hierdie kleintjies laat struikel, sal so erg wees dat dit vir hom beter sal wees om 'n verskriklike dood te sterf.

Luister mooi wat sê Jesus: Wees self op julle hoede. As gelowiges word ons aangesê om op elke woord en elke daad van ons te let. Ander mense kyk na ons. Kinders kyk op na grootmense. Mense wat maar nog onlangs tot geloof gekom het, kyk op na ons wat al 'n ent in ons geloof gegroei het. Hulle kyk na ons en doen agter ons aan.

En nou weet ons, geliefdes, hoe maklik dit gebeur dat 'n mens in die hitte van die oomblik 'n woord kwytraak of in reaksie iets doen sonder dat ons behoorlik gelet het op ons woorde of daade. En dit is eers wanneer jou kind daardie selfde woorde gebruik dat 'n mens skrik en besef jy het jou kind nou laat struikel om iets te sê wat nie by 'n gelowige pas nie. Of miskien is die Here ons genadiger en gee Hy aan ons geleentheid om tot ons sinne te kom en dadelik te besef wat ons gedoen of gesê het.

Hierdie eerste eis wat die Here Jesus aan ons stel, is inderdaad moeilik. Ek en jy moet elke lieue dag doelbewus let op ons woorde en ons daade sodat ons niemand laat struikel nie.

Die tweede eis wat die Here Jesus stel, is net so moeilik, of vir sommige van ons nog moeiliker: Jy moet jou broer vergewe as hy berou het oor dit wat hy verkeerd gedoen het. Goed, Here, sal ons sê, ons sal ons broer en suster vergewe, want hulle het immers berou oor dit wat hulle verkeerd gedoen het.

Nou rek Jesus hierdie geduld en vergewensgesindheid wat ons openbaar nog verder uit. Hy sê: Selfs as hy sewe maal op 'n dag verkeerd optree teen jou en sewe maal na jou toe terugkom en sê: Ek is jammer, moet jy hom vergewe. Ons sal sê een keer, miskien nog twee keer, is al baie gevra, maar ons sal dit seker kan regkry om hom te vergewe as hy berou het. Die Here verwag egter baie meer. Hy praat van uiterste vergifnis. Sewe maal. Vir Petrus het die Here Jesus gesê tot sewentig maal sewe. Dit wil sê, ons moenie tel hoeveel keer ons iemand wat egte berou het, vergewe nie. Ons moet aanhoudend vergewe. Die Here gee ons nie 'n keuse nie. Hy sê nie dat ons hom *kan* vergewe nie, Hy sê, dan *moet* jy hom vergewe.

Sussie en boetie, julle kleintjies sal nou kan sê: maar, Oom, jy weet nie watter erge ding daardie maatjie by die skool aan my gedoen het nie. Jy weet nie hoe seer dit my gemaak het nie. Inderdaad, ek weet nie, maar die Here weet en dit is die Here wat die opdrag gee. Hy sê ons moet iemand wat sê hy is jammer, vergewe, en dis klaar.

Broers, susters en kinders, dit is verskriklike groot eise wat die Here Jesus hier aan ons stel. Om nooit deur jou woorde en jou daade vir 'n ander een 'n struikelblok te wees nie; om altyd tot die uiterste te gaan met vergewe – dit is nie sommer enigeen wat dit gaan regkry nie. Jy het buitengewone krag nodig om dit te kan doen. 'n Mens het krag van God nodig om dit te doen. Om te volhard as kind van God, om kerk te wees van die Here en om aanhoudend te doen wat die Here van ons verwag, verg bonatuurlike krag. Die Here stel hoë eise aan ons, want ons moet verander soos Hy ons wil hê. Dit beteken dat ons noodwendig anders moet word as waaraan ons gewoond is of soos wat baie mense ons ken.

Daarom vra die dissipels: Here, gee ons meer geloof! As ons net 'n bietjie meer geloof het, sal ons aan hierdie hoë eise kan voldoen. Vra jy ook: Here, gee my meer geloof, want as ek 'n bietjie meer geloof het, sal ek nog 'n broer of 'n suster vir my medegelowige kan bly. Here, as ek net 'n bietjie meer geloof het, dan sal ek dit regkry om my kind groot te maak in die vrese van u Naam. Here, as ek net 'n bietjie meer geloof het, dan sal ek dit regkry om my ouers getrou te gehoorsaam.

Geliefdes, kyk nou mooi wat vra ons as ons vir die Here vir meer geloof vra. Dink mooi waar kom geloof vandaan. Ja, geloof kom van die Here af. Hy gee deur sy Heilige Gees die geloof aan ons. As ons nou vir die Here vra: Gee ons meer geloof, sê ons vir die Here: Here, U het vir ons geloof gegee, maar ons dink dit is 'n bietjie min. Ons gaan nie met die bietjie regkry wat U van ons verwag nie. Ons haal maar weer ou Adam se streke uit en wys vir die Here die vinger. Here, die fout is nie by ons as ons nie dinge kan doen wat U verwag nie. U het dan vir ons te min geloof gegee.

Nee, sê ons Here Jesus, Ek het nie te min vir julle gegee nie. Die geloof wat julle deur die Heilige Gees ontvang het, is presies wat julle nodig het. Alles wat ons nodig het, het ons reeds gekry in die geloof wat die Heilige Gees in ons gewerk het.

Daarom gebruik Jesus die beeld van die mosterdsaad. Daardie mosterdsaad gaan nie beter of sterker of groter word as jy nog 'n saadjie daarby sit nie. In daardie saadjie is alles wat nodig is. Net so is dit met die geloof. In die geloof wat ons gekry het, het ons alles wat nodig is. Om 'n mosterdplant te word moet daardie mosterdsaadjie die geleentheid kry om te groei. Dit moet in die grond geplant word, natgemaak word en ontkiem. Dan kom uit daardie klein saadjie alles wat reeds daarin opgesluit was.

Met geloof werk dit op dieselfde manier. Ons geloof moet geleentheid kry om te groei. Nou sal julle dadelik vra, maar waar is die geleentheid. Jesus het die geleentheid reeds in die eerste vier verse genoem, wys die Heilige Gees vir ons. Maar dit is probleme, sê ons vinnig. Nee, dit is nie probleme nie. 'n Probleem is 'n probleem solank as wat ons dit 'n probleem wil hou. Inderwaarheid is dit geleentheid wat ons hemelse Vader op ons lewenspad bestier het. Dit is geleentheid wat Hy gee sodat ons in die geloof kan groei en lewe.

Die verandering wat daar in elkeen van ons moet kom om nog duideliker kind van die Here te wees, is 'n groot taak. Om kerk te wees van die Here soos wat Hy dit verwag, is 'n moeilike taak. Om my kind in sy en haar verhouding met die Here te begelei, is nie maklik nie, want daar is soveel faktore wat hier 'n rol speel. Miskien het ek en jy ook nog nie gewillig geword sodat die Here ons kan verander nie, daarom is dit vir ons moeilik om duideliker kind van die Here te wees en kerk te wees soos wat Hy verwag. Miskien is my eie verhouding met die Here nog nie intiem en persoonlik genoeg om my kind in sy verhouding met die Here te begelei nie. Maar geliefdes, al hierdie tekortkomings by ons maak die opdrag van die Here nog nie onmoontlik nie. Die Here het sy ewige verhouding met ons begin en die Heilige Gees het reeds alles gegee wat ons nodig het. Hy het geloof aan ons gegee. Daarom kan ons volhard en aanhou probeer doen wat die Here van ons eis. Ons sal dit regkry, want Hy gaan dit in ons laat gebeur.

Ons keer terug na die mosterdsaad. Hoe kan hierdie mosterdplant bokant die grond groter en mooier word en vrug dra? Wanneer sy wortel diep in die grond ingaan om voedingstowwe te kry. Hoe sal ons geloof na buite toe in ons lewens sigbaar kan word en vrugte dra? Wanneer die wortel van ons geloof ook dieper en nader gaan – dieper in die

Woord van die Here in, nader aan die Here, tussen die mense wat ook aan die Here behoort. Die Here moet ons inderdaad help om in die geloof te groei en te leef. Daarom roep Hy ons nog elke Sondag en elke ander geleentheid om deur Hom getroos en vermaan te word uit die Woord. Daarom het Hy ons saamgevoeg as 'n geloofsgemeenskap om Hom te dien. Daarom het Hy ons ook geleer om te bid. Bid dat die Heilige Gees ons vervul en lei in hierdie groeiproses. Hoe dieper en vaster die wortel van ons geloof by die Here is en by die Here se mense, hoe makliker word dit om te groei en hoe duideliker word ons geloof in ons lewe sigbaar.

Wanneer ons eers beseft hoe 'n geweldige groot krag die Here reeds in die geloof wat ons het, gegee het, sal ons dinge kan doen wat in die oë van mense soos wonderwerke lyk. Jesus sê: As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaad gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see, en hy sou julle gehoorsaam. Jesus sê nie ons gaan wonderwerke doen nie. Maar wanneer ons die geleentheid aangryp wat die Here op ons pad gee en ons leef in daardie geleentheid vanuit die geloof en hanteer dit vanuit die geloof, sal daar dinge gebeur wat vir ons soos wonderwerke lyk.

As daar nou vir u as gemeente gesê word dat hierdie gemeente oor ses maande sterker in die geloof sal staan en nog steeds gemeente van die Here is ondanks al die dinge wat ons daarvan wil weerhou, sal daar min wees wat ja sê. Maar kom ons neem die Here op sy woord vandag. Laat ons hierdie geleentheid wat die Here nou oor hierdie gemeente se pad gebring het in die geloof hanteer en kyk oor ses maande of ons tog nie die moerbeiboom verplant het nie. Ek sal waag om te sê, hierdie gemeente sal nie net een moerbeiboom nie, maar 'n hele boord verplant deur die Here net op sy woord te neem.

Dadelik sal ons vra: maar sal ons dit kan regkry? Ja, verseker. Geloof is 'n geweldige groot krag wat die Heilige Gees in ons werk, want geloof is die band wat ons aan die almagtige God vasbind. En in die geloof stap ons agter ons goeie Herder aan wat ons lei. Op ons Here Jesus se pad het daar ook baie dinge gekom sodat Hy moes struikel. Hy is deur die Satan versoek, Hy is deur sy dissipel verloën, Hy is deur sy dissipel verraai, Hy het selfs bang en bewend in Getsemane sy Vader gevra om die beker by Hom te laat verbygaan. Maar ter wille van jou en my het Hy in die geloof volhard. Hy het enduit volgehou om te midde van die kruis en al die veragting wat daarmee saamgegaan het, te bly glo dat dit wat Hy doen reg is volgens sy Vader se wil. Christus het in die geloof oorwin omdat Hy sy geloof gebruik het.

Jesus Christus word daarom nie verniet die Begin en Voleinder van die geloof genoem nie. Deur die Heilige Gees is elkeen van ons en hierdie hele gemeente met die band van geloof in Christus ingelyf. Met sy krag wat Hy in oorfloed aan ons gee en wil gee, sal ons in die geloof kan groei en leef en elke geleentheid wat Hy oor ons pad bring, kan hanteer.

Mag hierdie kerk van ons Here Jesus so vervul word met die werk van die Heilige Gees sodat die lewe in die geloof en die hantering van elke geleentheid in die geloof lewenspraktyk word vir haar.

Amen!

Gebed

Slotsang: Psalm 46:1, 6 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwankel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 4 September 2011